DEEL 116 | WEEK 9 | 1 MAART 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# GRAAN SWOEG ONDER HITTE!

Die heersende hittegolwe en droogtes laat boere reg oor die land bekommerd. Alhoewel weerkundiges vooraf die aankoms van 'n El Niño-seisoen voorspel het, het die reën wat vanaf September hoop gebring het, 'n skielike wending geneem. Dit skep landswyd 'n uitdagende situasie vir boere.

In die vroeë stadium van die reënseisoen het sekere gebiede die belofte van 'n mooi oes gesien, met sommige streke wat aansienlike goeie reën ontvang het. Dit het optimisme onder boere geskep, maar die situasie het vinnig verander. Vanaf Januarie het dele van Frankfort slegs 'n druppel van die verwagte reën ontvang, wat die gemiddelde reënval vir die maand aansienlik onderskryf het.

Daar is selfs areas waar die reënval ver onder-gemiddeld is, met 'n skrale 35mm teenoor 'n verwagte gemiddeld van tussen 93-100mm vir Januarie. Aan die ander kant was daar plekke waar die reën heelwat meer was, met sommige dele van Frankfort wat tot 400mm reën vanaf September ontvang het.

Die wisselende reënvalpatroon het 'n groot impak op oeste. MC Cronjé, 'n boer in die omgewing van Frankfort, verduidelik die reën se onvoorspelbaarheid en hoe dit die opbrengste beïnvloed het. Daar is talle boere wat aansienlike skade aan hul gewasse het en selfs hul lande vroegtydig afsny vir kuilvoer om hulle vee te onderhou.

Danie Myburgh, 'n plaaslike boer in die Hoogte omgewing, deel sy ervaring van die wisselende reënvalpatroon. Terwyl sommige van sy mielies wat in Desember geplant is 'n hoopvolle begin getoon het, het die skrale reënval hulle tweede koppe aangetas en ook dat sommiges nou hul koppe afspeen. Die huidige gemiddelde reënval vir die seisoen beloop 390mm by die Myburghs, wat onder gemiddeld is.

Die onsekerheid het 'n aansienlike impak op die verwagte oeste vir die seisoen gehad. Volgens die eerste skattings deur die Nasionale Oeskomitee (NOK) is die vooruitsig donker. Die witmielies word geskat op 7 040 900 metrieke ton, 'n vermindering van 17,2% in vergelyking met 2023. Geelmielies word geraam op 7 318 400 metrieke ton, wat die totale mielieoes op 14 359 300 ton bring, 'n afname van 12,6% in vergelyking met die vorige jaar. Sonneblom skattinge toon 'n afname van 6,79% in vergelyking met 2023, met 'n geskatte totaal van 671 100 metrieke ton. Sojabone vertoon 'n dramatiese afname van 22,76% in vergelyking met die vorige jaar, met 'n skatting van 2 139 480 metrieke ton.

**SUMMER CROPS** – REVISED AREA PLANTED AND FIRST PRODUCTION FORECAST: 2024
**SOMERGEWASSE** – HERSIENE OPPERVLAKTE- EN EERSTE PRODUKSIESKATTING: 2024

| CROP/GEWAS | Area planted/ Opp beplant 2024 Ha (A) | 1st forecast/ 1ste skatting 2024 Tons (B) | Area planted/ Opp beplant 2023 Ha (C) | Final crop/ Finale oes 2023 Tons (D) | Change/ Verandering/ % (B) ÷ (D) |
|---|---|---|---|---|---|
| **Commercial/Kommersieël:** | | | | | |
| White maize/Witmielies | **1 557 750** | **7 040 900** | 1 521 300 | 8 505 000 | -17,21 |
| Yellow maize/Geelmielies | **1 081 500** | **7 318 400** | 1 064 800 | 7 925 000 | -7,65 |
| Total Maize/Totale Mielies | **2 639 250** | **14 359 300** | 2 586 100 | 16 430 000 | -12,60 |
| Sunflower seed/Sonneblomsaad | **559 500** | **671 100** | 555 700 | 720 000 | -6,79 |
| Soybeans/Sojabone | **1 122 500** | **2 139 480** | 1 148 300 | 2 770 000 | -22,76 |
| Groundnuts/Grondbone | **41 200** | **64 395** | 31 300 | 53 000 | +21,50 |
| Sorghum | **42 100** | **110 780** | 34 000 | 94 360 | +17,40 |
| Dry beans/Droëbone | **39 550** | **59 880** | 36 650 | 50 260 | +19,14 |
| TOTAL/TOTAAL | **4 444 100** | **17 404 935** | 4 392 050 | 20 117 620 | -13,48 |

Note: Estimate is for calendar year, e.g. production season 2023/24 = 2024
Nota: Skatting is vir kalenderjaar, bv. produksie-seisoen 2023/24 = 2024











# UIT DIE PEN:

## Week 9

Ek hoor al vroegoggend die geblêr van iemand se toeter. Hier naby ons. Daar is ’n straat wat ’n V vorm. Aan die een kant is ’n stop. Die voertuig moet stop om te kyk of daar aankomende verkeer is voordat dit enige rigting beweeg. Nie almal weet dit nie, klink dit my.

Ek ry dan afdraende teen die oprit af (wat eintlik meer van ’n af-rit is as ’n op-rit). Ek wag totdat daar nie karre is nie, gooi ’n sierlike draai om in die straat uit te kom. Intussen het daar ’n pierewaaier met ’n donker kar in volle spoed aangekom en in my truspieël sien ek die wrang trek op sy gesig: hy moet alwèèr vir ’n vrou wag. Ek sit my waarskuligte aan en waai vrolik dankie. Sy gesig verslap geensins nie.

By die eerste verkeersirkel aangekom, moet ek driekwart uitgaan. Ek betree die sirkel, nadat ek toegegee het aan die regterkantste verkeer, sit my regterflikkerlig aan, draai in die sirkel en wonder hoekom iemand boem! reg voor my gestop het. Blykbaar om iemand toegang tot die sirkel te gee. Mooi maniere, dink ek, maar gevaarlik.

Die volgende 200m of so is daar ’n vieslike opdraande. Selfs ons hond, Pebbles, is uitasem wanneer sy daar loop. Eerste rat, dis al wat gaan werk. Aan die bokant van die straat is ’n vierrigtingstop. Vir sommige. Soms woerts daar ’n kar oor die vierrigtingstop. Wanneer jy toet, skrik die bestuurder sy dinges suur, want hy het nie eers geweet hy moet daar stop nie. Partykeer kry jy ook Die Kyk vanaf die bestuurder, asof jy die oortreder is, en nie die bestuurder nie.

Net na die vierrigtingstop gaan die pad afdraande totdat dit weer teen die randjie opgaan. Verskeie motoriste dink dat hulle die afdraande met remme moet aanpak, so teen 35 – 40 km. Dan sukkel-sukkel hulle die opdraande op. Eers in derde rat, dan tweede rat, en uiteindelik, sonder om die kar te laat vrek, eerste rat. Teen daardie tyd is ek al moeg gewag.

Hierna draai ek regs in ’n kort straatjie, maar die probleme begin wanneer die kort straatjie in ’n T-aansluiting aansluit by ’n breë straat met vier bane. Daar is ’n glybaan om links te draai, een baan wat ’n stopteken het vir diegene wat regs in die aansluiting wil draai. Helaas. Die motoris voor my stop dood by die glybaan. Sy wag en wag totdat albei bane van regs af, leeg is voordat sy links draai. Nee, dit kan mos nie wees dat jy nie weet hoe ’n glybaan werk nie?

Tot hier toe het ek nog nie baie kwaad geword nie.

Ek ry oor die snelweg. Gewoonlik die maklikste stuk pad. Mits almal die verkeersligte volg. Met beurtkrag is dit ook relatief maklik. Vir diegene wat weet dat dooie verkeersligte presies dieselfde is as ’n vierrigtingstop.

Nou draai ek links, weereens met ’n glybaan. Hierdie keer is daar drie ander bane wat reguit aanhou, en die verkeer vloei redelik. Behalwe vir die wit taxi wat voor my ry. Diè sit sy noodligte aan en ek hou my asem op om agter te kom na watter kant toe hy gaan draai. Hy hang by die venster uit terwyl hy iemand nader wink om in te klim.

Ek gaan om ’n verkeersirkel en weereens weet die mens voor my glad nie wat om in ’n verkeersirkel te maak nie. Ek oorweeg dit om hom te stuur vir detensieklasse in Welkom. Gee toe aan die  regterkantste verkeer. Maklik.

Later draai die pad en daar is twee klein hobbels in die straat waar waterpype reggemaak is. Die klein tjorrietjie voor my slaan remme aan en stop dood, net om oor die twee klein hobbeltjies, sowat 5 cm hoog, te gaan. Terwyl haar selfoon teen haar oor hang.

Nog ’n verkeersirkel en ek verwag dat ’n verkeersirkeldoodstopper iewers voor my gaan verskyn. Gelukkig nie, maar daar is nog ’n wit taxi wat stadig voor my inry.

By ’n verkeerslig is die lig rooi vir my, en ek stop. Ek meen, dis wat mens doen. Toe die verkeer van links na regs afgeneem het, begin die wit taxi stadig oor die verkeerskruising ry. Regtig stadig, jy sal nie eers sê dat hy besig is om die kruising teen ’n rooi lig oor te steek nie.

Aan die regterkant van my werkplek is ’n skool. Ek is seker die ouers is nog besig om padverkeersreëls te leer, want dit gaan maar sukkel-sukkel. Die mammas met die groot karre ry voor die aankomende verkeer in. Sommiges waai net met ’n gemanikuurde nael. Die passassier, seker so graad 10, is vies omdat haar Starbucks koffie op haar skoolrok mors – mamma het te skerp gestop. (Waar kry graad 10 kinders Starbucks koffie vòòr skool, wonder ek?)

Daar is ’n kar vol kinders wat sommer-so in die straat afgelaai word. Daar is ’n sebraoorgang, maar dit word geïgnoreer. Die kinders hol soos wilde goed die wêreld vol.

Ek draai uiteindelik links om binne-in ons parkade te gaan stop. Ek is witwarm vir die paar motoriste wat soos varke bestuur, sonder om ander in ag te neem. Ry ek ook sò, wonder ek?

By die hek groet Wilson my vriendelik, sê as nagedagte: “Have a good-good day!” Dankie, vir jou ook, skree ek terug.

Ek wonder vandag waar ons bestuurreëls wegkruip? Die aantal padverkeersreëls wat verontagsaam word is net te veel vir woorde. Ek verstaan waarom daar by elke verkeerslig ’n hopie botsingsgemors lê: want motoriste doen letterlik aansoek om ’n ongeluk te maak.

As elkeen net by sy basiese reëls hou, behoort dit makliker te gaan. Sonder selfone, hou by die spoedperk, neem ander in ag, doen wat reg is.

Maklik soos dit.

Dan kan ons almal ’n good-good day hê. Aldus Wilson.

**POSTNET HEILBRON**

**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*



# Your health is in your clean hands



• *Heilbron Clinic*

**WHY?**

Many outbreaks of food-borne illness are traced to unwashed or poorly washed hands.

Sneezing and coughing can spread cold germs into the air, but most colds are caught and spread through germs on people’s hands.

The germs that cause the flu, SARS, hepatitis A and many kinds of diarrhea can also be picked up and spread by your hands.

If these germs are on your hands, touching your mouth or nose to eat, sneeze or cough can make you sick.

Touching a doorknob, pressing an elevator button, grabbing a pole on public transit or shaking hands can spread germs to others.

**WHEN?**

Always wash your hands

**BEFORE YOU**

- Touch or serve food
- Eat or drink
- Put in or take our contact lenses
- Treat a cut, scrape, burn or blister
- Take care of someone who is sick

**AFTER YOU**

- Go to the bathroom
- Help someone else use the bathroom
- Change a diaper (don’t forget to wash the baby’s hands too)
- Cough, sneeze, blow your nose or wipe a child’s nose.
- Handle uncooked foods, especially raw meat, poultry, fish or eggs.
- Handle garbage
- Touch an animal - specially a reptile - or clean up animal waste.
- Take care of someone who is sick or injured
- Use public transportation.

**HOW?**

Washing our hands is a lesson we all learned as children, but when we're busy or in a hurry, we tend to rush or forget to do it. We think our hands are clean, but they’re not if we haven’t done it right.

Just rinsing your hands isn’t washing them, it’s wetting them. To get them clean you need to use soap.

A quick rub, even with soap, won’t get your hands clean, and the few seconds you save could cost you days if you get sick later.

To make sure your hands are really clean, scrub your palms, between you fingers, the backs of your hands and under your fingernails for at least 20 seconds.

After rinsing, dry your hands with a paper towel. Use the same paper towel to turn off the water and open the restroom door.



# Besproeiingsgebiede in Vrystaat vry van beurtkrag

• *Vrystaat Landbou*

In die afgelope jare het die hoër gevalle van beurtkrag voedselproduksie negatief beïnvloed. Tipies is besproeiingsboere geraak deurdat hulle nie in kritieke stadiums gewasse kon natmaak nie. Byvoorbeeld, met die onlangse hittegolftoestande, bly besproeiing van kritieke belang om potensiële risiko's wat met voedselsekerheid verband hou, af te weer.

’n Afvaardiging van Vrystaat Landbou (VL) het op Vrydag 23 Februarie 2024 direkteure van die ESKOM SentraalOos-kluster ontmoet waar verskeie kwessies rondom dienslewering, beurtkrag en slim meting bespreek is.

Volgens Kempen Nel, besproeiingsboer wat op die Kommersiële Komitee van Vrystaat Landbou dien, het die ad hoc ESKOM-beurtkragkomitee van die SentraleOos-kluster (Vrystaat en KZN) vrystelling van beurtkrag aan sekere kritieke besproeiingslyne gegee om vir lank op te maak. tydperke toe die lyne af was as gevolg van noodherstelwerk. Die besluit om beurtkrag vrystelling in die toekoms in die vorm van beurtkrag te gee, hang af van die vermoë om energieverbruik van netwerke te verlaag.

Verlaagde energieverbruik-netwerke is gebiede of lyne wat 'n algehele vermindering van elektrisiteitsverbruik vir 'n sekere tydperk kan bewerkstellig. Tipies vereis dit dat gemeenskappe nie-noodsaaklike toestelle afskakel. Sodra 'n vermindering bereik is, bied dit Eskom die vermoë om daardie area/lyn van beurtkrag vry te stel. Gemeenskapsamewerking en slimmeters speel 'n deurslaggewende rol in hierdie proses.

“Clarens in die Oos-Vrystaat is nou vir 6 maande beurtkragvry sedert hulle hierdie tegnologie met slimmeters beproef het. Hierdie toetsgeval bied ’n positiewe oplossing vir die besproeiing uitdagings en kan nou elders geïmplementeer word”. sê Nel.

Nel noem verder dat dit belangrik is om te verstaan dat hierdie vrystelling 'n strategiese kwessie is wat daarop gemik is om voedselsekerheid vir die land te beskerm. “As boere is ons onderworpe aan die natuurwette en die besproeiingsbehoeftes van gewasse volg nie die beurtkragskedules nie. Die landbou is dus sterk aangewese op elektrisiteitsvoorsiening gedurende kritieke fases van die gewasseisoen, spesifiek vir besproeiingsdoeleindes.”

Hierdie vrystelling moet nie as 'n spesiale behandeling beskou word nie, aangesien die vrygestelde gebiede of lyne onderhewig bly aan algehele elektrisiteitsverbruiksperke. Wat egter anders is, is dat gemeenskappe nou in staat is om indirek hul eie verbruik te “bestuur” op grond van hul ekonomiese produksiebehoeftes. Die goeie nuus is dat daar oplossings is om beurtkrag te stuit, al is dit hoofsaaklik vir plattelandse dorpe en groepe boere wat saamwerk. Dit voorspel goed om die vlaag van infrastruktuur-diefstal en vandalisme te stuit, want met die krag op die stelsels is lewendig (insluitend sekuriteitstelsels) wat dit baie moeiliker maak om mee te peuter.

Die sukses van hierdie projekte lê daarin dat 'n kampioen leiding neem en mense op plaaslike vlak laat saamwerk! Gemeenskaps- en organisasieleiers (insluitend boereverenigings) wat belangstel om vragvermindering te implementeer, kan Eugene Myburgh, Kliënteverhoudingsbestuurder by Eskom kontak by MyburgEC@eskom.co.za of 072 610 2797.

# Manifest modelle maak opspraak tydens skoonheidskompetisie

*• Anita Buitendag*

Op Saterdag, 24 Februarie 2024 om 14:00 het twee van Model Manifest Heilbron modelle aan hul heel eerste Skoonheidskompetisie, genaamd "Miss & Mr Valentine 2024, te Sandersville "Community Hall", deelgeneem. Dit is gereël en behartig deur Mev. Charlene en Mej. Mofet, wie alombekend is in die Sandersville gemeenskap vir hul jaarlikse Valentyn Skoonheidskompetisie en wie ook bekend is vir hul absolute fantastiese skoonheidskompetisie wat jaarliks aangebied word. Mej. Mofet was tot onlangs 'n kontrakmodel van "Ice Models", Gauteng en in samewerking met Mev. Charlene, soos al die vorige jare, het dié jaar se skoonheidskompetisie nie teleurgestel nie, maar weereens eerder getuig van hoogstaande gehalte.

Die gemeenskap van Sandersville het by die magdom gearriveer as ondersteuners en so ook het die inskrywings vir die skoonheidskompetisie hoog geloop.

Model Manifest Heilbron het besluit om ook ons plaaslike modelle te laat deelneem vir die ondervinding daarvan, aangesien daar nie veel skoonheidskompetisies in ons direkte area plaasvind nie.

Die samekoms was geopen deur skriflesing en gebed, waarna modelle 'n gesamentlike groepslyndans opgevoer het tot vermaak van die gehoor. Modelle het daarna in 4 verskeie kategorieë deelgeneem, nl. Swemklere, "Casual", Aanddrag, sowel as Onderhoudsvoering.

Groot was die verbasing toe ons plaaslike twee modelle van Model Manifest Heilbron behoorlik die koppe laat draai het en geensins teleurgestel het nie.

Nadat hul deel uitgemaak het van die Top 5 modelle per betrokke kategorie, was Bella Fernandes bekroon as wenner in haar kategorie vir 10 - 12 jariges, nl. "Pre-Teen Miss Valentine 2024", waarna ook Kathleen Broodryk in haar kategorie vir 5 - 9 jariges, die titel ingepalm het as "Junior 1st Runner-Up Miss Valentine 2024". Ons as gemeenskap van Heilbron, tesame met Model Manifest Heilbron, kan geweldig trots voel op ons 2 deelnemers, wie die res van die deelnemers absoluut stof in die oë geskop het tydens die kompetisie.

Hierdie skoonheidskompetisie was slegs die eerste van vele wat gaan volg en ons vertrou dat meer Manifest modelle in die nabye toekoms hul deelname gaan bied en verseker ook opslae sal maak, soos hul reeds doen.

*Baie geluk aan Bella Fernandes en Kathleen Broodryk van Model Manifest Heilbron, asook aan elke ander seun/meisie model wie bekroon was. Julle was voorwaar uitblinkers!*



*Alle kroondraers na die afloop van die skoonheidskompetisie.*



*Belle Fernandes gekroon as wenner van 10 - 12 jarige kategorie, nl. " Pre-Junior Miss Valentine 2024 Wenner".*



*Modelle se gesamentlike deelname aan groeplyndans.*



*Kathleen Broodryk met haar gewone titel as "1st Runner-Up Miss Valentine 2024.*



*Belle Fernandes poseer met die "banner" van "Miss & Mr Valentine 2024" in haar swemdrag.*




*Kathleen Broodryk in aksie met haar "Casual Ramp".*

# In liefdevolle herinnering aan Lorraine Crause



Saterdag, 24 Februarie 2024, is daar afskeid geneem van Lorraine. Sy het vir etlike jare by Heilbron Staatsveearts as Tegnikus gewerk.

Sy was baie gelief onder haar kollegas en in die Heilbron gemeenskap. Haar werk was haar trots en haar passie. Sy sal beslis baie gemis word. Ons eer haar nagedagtenis.













# RJ laat rekord van 26 jaar spat

Op Saterdag 24 Februarie het die atlete van Hoërskool Heilbron uitgeblink by die Primêre Noord-Vrystaat Atletiekbyeenkoms. Onder hulle het RJ Muller die toeskouers almal op die punt van hulle stoele gehou en hul asems weggeslaan toe hy op 'n wenhoogte van 1,34 meter oor die hoogspringlat geseil het. RJ het reeds sy teenstanders agtergelaat op 'n hoogte van 1,25 meter en sy persoonlike beste van 1,30 meter oortref. Voor die kompetisie het RJ nederig na sy ma gestap en gevra of hy vandag die rekord kon probeer verbeter. Sy gesindheid en kop was reg vir die dag se kompetisie.

Toe die beamptes RJ vra hoe hoog hulle die lat moet opskuif, het RJ dapper geantwoord: "So hoog soos wat nodig is om die rekord te verbeter." Die spanning het gestyg toe RJ se eerste twee pogings misluk het, maar met sy derde poging het hy egter met gemak oor die lat geseil. Die rekord is in 1998 opgestel voordat RJ dit gebreek het.

Na hierdie byeenkoms spog die skool se Primêre atlete met met drie goue medaljes, drie sliwer, 3 brons, asook een vierde plek. Die atlete dring deur na die Vrystaat byeenkoms.



# Senwes bied 'n helpende hand



*Op die foto vl: Mabuti Ishmael Meko, skraper drywer. Simon Germishuys (Hoogte Boerevereniging), Johan Germishuys (Hoogte Boerevereniging), Pieter Buitendag (Heilbron Senwes silobestuurder), Riaan Van Eeden (Heilbron Senwes takbestuurder).*


In die lig van die swak toestand van die paaie, het Senwes 'n helpende hand verleen en met die bystand van Hoogte Boerevereniging wat die brandstof geskenk het, kon al die grondpaaie van Hoogte Boerevereniging geskraap word. Die boere van Hoogte Boerevereniging is opreg dankbaar vir die onbaatsugtige hulp wat hulle van Senwes ontvang het. Hierdie gebaar weerspieël die sterk gemeenskapsgees wat kenmerkend is van ons landbougemeenskap.






Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir **Hendie Lötter** by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

# INSPIRASIE RESEPTE



Pasch du Plooy

### STEAKS

Plankie steak is a very South African way of serving a nice cut of beef or even lamb. Any cut of meat can be used to prepare a plankie steak. Picanha rump is one of my favourite cuts and is perfect to use for a plankie steak. Try it with this vibrant chimichurri dressing it elevates your braai to the next level.

Preparation time: 30 minutes
Cooking time: 20 minutes
Serving: 4 – 6 people

**Picanha plankie steak with spiced chimichurri**

**Ingredients for the Picanha rump steak**
4 x 250g picanha rump steaks
4 tablespoons olive oil
4 teaspoons fine salt
4 teaspoons course ground black pepper

**Method for the Picanha rump steak**

Clean the picanha rump by removing all silver skin on the meat side. Do not remove the fat. With a sharp knife score the fat side into a diamond pattern by cutting ½ cm incisions across the fat side. Now rub the steaks with olive oil, salt and pepper. Make sure to get the salt and pepper into the incisions. Use a heavy-based pan and place the picanha in the cold pan fat side down first and place on a medium heat flame. Leave the steak fat side down without moving until it doesn't stick to the pan anymore and the fat is crispy. Now turn the steak and cook on the meat side for 3 – 4 minutes for medium to medium rare.

**Ingredients for the chimichurri**
1 cup olive oil
4 tablespoons red wine vinegar
1 cup finely chopped parsley
8 cloves garlic, finely chopped (must be fresh garlic not crushed)
2 tablespoons finely chopped red chilli (no seeds)
2 tablespoons chilli flakes
½ teaspoon ground cumin
½ teaspoon sumac
2 teaspoons dried oregano
2 teaspoons Maldon salt
1 teaspoon coarse black pepper

**Method for the Chimichurri**

Mix all ingredients and store them in an airtight container in the fridge. Use from the fridge.

**How to serve**

Rest the picanha for 2 minutes before slicing and plating on your serving plate. Drizzle the steak with some of the pan juices and cover with chimichurri sauce. Serve with fresh or grilled lemon on the side and fresh chips.






ENVIROMATRIX
ENVIRONMENTAL MANAGEMENT SERVICES

**NOTICE OF APPLICATION FOR A MINING ENVIRONMENTAL AUTHORISATION** for the
***BORROW PIT DEVELOPMENT FOR THE SPECIAL MAINTENANCE OF PRIMARYROAD P9/4 SASOLBURG TO HEILBRON***

Notice is hereby given in terms of GN R.983 and 985 of 4 December 2014 as amended under the National Environmental Management Act, 107 of 1998 as amended of intent to carry out the mentioned project which will follow an environmental authorisation application process for the following activities;
• GN R 983, Activity 21 and 27: Mining permit with associated earthworks and the clearing of an area < 20Ha
• GN R 985, Activity 12: Clearance of 300m² indigenous vegetation within or close to endangered ecosystems

**LOCATION**
Borrow Pit development will be adjacent to the P9/4 road between Heilbron and Sasolburg on the following farms: NIL DESPERANDUM (27°15'32.98"S& 27°57'46.66"E); TAUTON (27°13'1.62"S& 27°57'42.64"E), BOOMPLAATS (27° 2'12.71"S& 27°58'11.80"E), FRANSHOEK (27°12'28.31"S& 27°57'37.48"E) and FRANSHOEK (27°12'4.60"S& 27°57'32.48"E).

**PUBLIC INFORMATION**
Interested and Affected Parties are invited to register and submit comments on the proposed development to EnviroMatrix by 05 April 2024, whereafter the draft Scoping Report will be sent to the party.
**For further information, please contact: Renier Binneman, cell 066 485 3275 or e-mail: renier@emtrix.co.za**

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die boedel van **WYLE TALLER SHADRACK TSOTETSI,**
Identiteitsnommer: 791120 5507 08 1, in lewe 'n vragmotor bestuurder, woonagtig te perseel 1848, Petsana, Reitz, 9810, getroud binne gemenskap van goedere aan Christinah Ntsikane Mokoena, Identiteitsnommer: 820404 0669 08 7.
Datum van afsterwe: 14 Mei 2022
**BOEDELNOMMER: 010109/2022**
Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres

**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6,**
**REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE ELIZABETH MARIA VAN DEN BERG,**
Identiteitsnommer: 400114 0003 08 2, in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te President C R Swartstraat 62, Reitz, 9810, geskei.
Datum van afsterwe: 12 Maart 2023
**BOEDELNOMMER: 003268/2023**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:

**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

# JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **2 Maart** | (Saterdag) - Basaar @ NG Kerk Moedergemeente |
| **8 Maart** | Ribburger verkope @ AGS Heilbron |
| **10 Maart** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **16 Maart** | • Gholfdag @ NG Kerk Heilbron-Suid<br>• PitStop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal<br>• Vroue-ringskonferensie @ Reitz Moedergemeente |
| **17 Maart** | (Sondag) Willie Joubert tree op om 09:00 @ NG Kerk Moedergemeente |
| **26 Maart** | Bloedskenk in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| **29 Maart** | Goeie Vrydag: Gesamentlike erediens en nagmaal @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Maart** | Paassondag: Gesamentlike erediens @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **20 April** | PitStop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| **28 April** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **4 Mei** | Kermis / Basaar @ AGS Heilbron |
| **2 Aug.** | Suiderkruis Restaurant.<br>Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

# FOTOSTATE

| | | |
|---|---|---|
| **Swart / Black** | | |
| A4 | **1 - 50 Bladsye** | **@ R1-50** |
| | **51+** | **@ 80c** |
| A3 | **1 - 50 Bladsye** | **@ R3-00** |
| | **51+** | **@ R1-50** |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | **1 - 10 Bladsye** | **@ R5-00** |
| | **10+** | **@ R4-00** |
| A3 | **1 - 10 Bladsye** | **@ R10-00** |
| | **10+** | **@ R8-00** |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National




Elsstraat 44
Heilbron

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# TE HUUR

## PLAASHUIS TE HUUR

Plaashuis te huur 32km uit op Frankfort-pad. 3 Slaapkamerhuis, betaal slegs krag.

Indien egpaar wat huis huur bereid is om meneer Botha se vrou wat in 'n rolstoel is twee keer 'n week te help is krag gratis.

**Vir verdere navrae kontak**
**Botha Mouton**
**083 688 8256**

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of**
**heraldnuus@heilbron.co.za**




## SKOOL TERMYNE 2024

**SKOLE SLUIT 20 MAART**
**OPEN 3 APRIL**
**SLUIT 14 JUNIE OPEN 9 JULIE**




## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

## EKSTRA KLASSE

Rekeningkunde ekstra klasse
Gr 8 tot 12
**Kontak: Magda Kruger 082 223 3287**

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***




## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

## DUPNO Trading

**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com



# HERALD Sport

# Provinsiale toernooi 2024

Hannalie Claassen en Sonja Muller gaan die komende week, 4 tot 8 Maart 2024, aan die Interprovinsiale toernooi deelneem. Hannalie verteenwoordig NFS A te Gqeberha en Sonja NFS B in George.

Die naweek van 9 en 10 Maart 2024 speel Edward Muller, Willie Pretorius en Tracy Jacobs vir die Flaminke span teen die spanne van Noord Kaap, Suid Vrystaat en Noordwes te Kroonstad. RJ Muller verteenwoordig NFS 0/25 wat ook wedstryde speel, Suid Vrystaat 0/25 en 0/18 op dieselfde naweek.

Spelers word herinner aan Woensdae en Saterdae se sosiale spel wat om 14:00 begin. Tabs in 13:45. Woensdagaande is daar sosiale spel vanaf 18:00. Onthou die R20 baanfooie.

Kom kuier en speel gerus saam.



*Op die foto vl: Hannalie Claassen en Sonja Muller.*

## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2024 JAARPROGRAM

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 9 MAART | SKIET OEFENING | 9:00 |
| 16 MAART | .22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 13 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 9:00 |
| 18 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 9:00 |
| 8 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 06 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 9:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 07 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 9:00 |
| 05 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 9:00 |
| 08 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 20 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |


**WINKELURE**

**Maandae - Donderdae:** 07:30 - 17:00
**Vrydae:** 07:30 - 16:30
**Saterdae:** 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron | Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za



















**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG- 4 MAART 2024**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 5 MAART 2024**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

STANDERTON/BETHAL: LA'VIE
SAVM STOET PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Dwars-in-die-weg
Kontak Carel Davel 082 331 1811

**WOENSDAG - 6 MAART 2024**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

**DONDERDAG - 7 MAART 2024**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 8 MAART 2024**

STANDERTON Speenkalfveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FRANKFORT:
HARTEBEESFONTEIN MERINOS
PRODUKSIEVEILING
11:00, Gholfklub
KontakDeon Stegmann 079 878 2109

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za